SUIDER-PAARL GEMEENTE

# Vraagtekens…?

**Week 10**

Ons is in ‘n tyd waar mense soveel vrae het. As daar nou iemand kon wees wat vir jou een vraag kon beantwoord wat sou die vraag wees? Dink vir ‘n paar oomblikke – wat is een open ended vraag wat op die oomblik by jou spook?

Jesus was nie onbekend met vrae nie – in die 4 evangelies is daar 183 keer vir direk of indirek ‘n vraag gevra. Hy was meesal vaag om te antwoord behalwe oor God se liefde en goedheid – daaroor was Hy baie duidelik.

Uit die woord:

Teksgedeelte: Lukas 20: 27-38

Die Saduseers vra ‘n vraag om die fariseers uit te vang – eintlik is hulle angstig oor wat na die dood gebeur. Jesus antwoord met ‘n boodskap oor die opstandingshoop wat wys dat baie van ons onbenullige kategoriee en vrae nie in die koninkryk van die hemel belangrik is nie. In hierdie tyd van baie vrae kan ons as gemeente dalk seker maak dat ons die regte vrae vra vir die regte redes! En met mekaar eerlik wees oor ons vrae.

‘n paar vrae:

Wat is die vrae wat op die oomblik in hierdie tyd in jou hart leef?

Wat is agter jou vraag? Dalk bekommernis of angstigheid?

A young student asks the Rabbi, “What is the meaning of life. I need an answer.” The Rabbi scolds him, “Answers, answers, everyone has answers. ANSWERS SEPARATE US. QUESTIONS BRING US TOGETHER.”

As jy in hierdie tyd wel ‘n vraag vir God wil vra, vra vir wysheid en onderskeiding.

*Wees Anders...*

*...Want Jesus is Anders...*